



Openbare deelname proses vir die hersiening van die gekombineerde konsepreëls vir wykskomitees

Die Stad Kaapstad nooi inwoners, wykskomiteelede, raadslede, gemeenskapsorganisasies, belanghebbendes en belangstellende partye om van **1 Oktober tot 31 Oktober 2026** aan die openbare hersiening van die **gekombineerde konsepreëls vir wykskomitees** deel te neem.

Wykskomitees speel 'n belangrike rol om kommunikasie tussen gemeenskappe en die Stad te versterk, openbare deelname te bevorder en responsiewe plaaslike bestuur te ondersteun. Ten einde die doeltreffendheid van hierdie strukture te verbeter, het die Stad die huidige reëls hersien en 'n gekonsolideerde konsep vir openbare kommentaar opgestel.

Die hersiening is daarop gemik om:

- Bestaande reëls in 'n enkele raamwerk te konsolideer.
- Duidelikheid, konsekwentheid en aanspreeklikheid te verbeter.
- Operasionele uitdagings en leemtes aan te spreek.
- Bestuur, deursigtigheid en toesig te versterk.
- Die doeltreffendheid van wykskomitees te verhoog.
- Die reëls in lyn te bring met tersaaklike wetgewing, beleide en beste praktyk.

Die openbare deelname proses sal die publikasie van die konsepreëls, skakeling met belanghebbendes deur middel van die subrade, en die indiening van skriftelike kommentaar en aanbevelings insluit. Alle terugvoer wat ontvang word, sal oorweeg word voordat die reëls gefinaliseer en vir aanvaarding voorgelê word.

Die Stad moedig alle belanghebbende en geraakte partye aan om deel te neem en by te dra tot 'n bestuursraamwerk wat aanspreeklikheid, betekenisvolle gemeenskapsbetrokkenheid en doeltreffende samewerking tussen die Stad en sy gemeenskappe bevorder.